# GRONDWET
# VAN
# GRAAN SA

**Soos goedgekeur tydens die 2025 Kongres**

# INHOUD

## GRONDWET

### DEFINISIES EN UITLEG


| Hoofstuk | Onderwerp |
|---|---|
| 1. | Naam |
| 2. | Status |
| 3. | Doelstellings |
| 4. | Bevoegdhede |
| 5. | Lidmaatskap en Ledegelde |
| 6. | Organisatoriese Samestelling |
| 7. | Takke en Studiegroepe in streke |
| 8. | Streeksindeling: Kommersiële Streke |
| 9. | Die Raad van Graan SA |
| 10. | Samestelling en Verkiesing van Raad |
| 11. | Vakatures in die Raad |
| 12. | Kwalifikasies van die lede van die Raad |
| 13. | Setel van Raadslede |
| 14. | Magte en pligte van die Raad van Graan SA |
| 15. | Uitvoerende Komitee van Raadslede |
| 16. | Vergaderings van die Raad en besluitneming met geweegde stemme |
| 17. | Dienstermyn van Raadslede, Voorsitter en Visevoorsitters |
| 18. | Ontruiming van amp as lid van die Raad |
| 19. | Beëindiging van lidmaatskap van Raad |
| 20. | Komitees of Werkgroepe van die Raad |
| 21. | Kongres |
| 22. | Funksie van die Kongres |
| 23. | Samestelling van die Kongres |
| 24. | Buitengewone Kongres |
| 25. | Voorsitter en 2 (twee) Visevoorsitters |
| 26. | Vakatures in ampte van Voorsitter en Visevoorsitters |
| 27. | Finansies en Rekordhouding |
| 28. | Skadeloosstelling |
| 29. | Wysiging van Grondwet en Ontbinding |
| 30. | Belasting status en spesiale voorwaardes |

## REGULASIES


| |
|---|
| **R1 Lidmaatskap en Studiegroep-lidmaatskap** |
| R1.1 Aansoekvorm |
| R1.2 Inhoud van aansoekvorm |
| R1.3 Oorweging |
| R1.4 Inwerkingtreding |
| R1.5 Lederegister |
| R1.6 Beëindiging van Lidmaatskap |
| **R2 Kennisgewings** |
| R2.1 Versending |
| R2.2 Kongresse |
| R2.3 Versuim |
| **R3 Ledegelde en Heffings** |
| R3.1 Kennisgewing van ledegelde en bedryfsheffings |
| R3.2 Tydstip van betaling van ledegelde |
| **R4 Prosedure vir Kongres** |
| R4.1 Beskrywingspunte en sakelys vir Kongres en Agendakomitee |
| R4.2 Kworum en konstituering van Kongres |
| R4.3 Verdaging van Kongres tydens 'n Kongres of Buitengewone Kongres |
| R4.4 Stemming en besluitneming tydens Kongres |
| R4.5 Staking van stemme en beslissende stem deur Voorsitter tydens Kongres en Raadsvergaderings: Nominasie en Verkiesingsprosedure uitgesluit |
| R4.6 Verteenwoordiging en geweegde stemme by Kongres |
| R4.7 Kworum vir vergaderings van die Raad, Uitvoerende Komitee en Komitees of Werkgroepe van die Raad |
| R4.8 Stemming en besluitneming tydens Raadsvergaderings: Geweegde stemme |
| **R5 Organisatoriese funksionering van Takke, Studiegroepe en Streeksbesture** |
| R5.1 Takke en Studiegroepe |
| **R6 Publikasies** |
| R6.1 Maandblad |
| R6.2 Outeursreg |
| **R7 Prosedure vir die nominasie en verkiesing van Voorsitter, 2 (twee) Visevoorsitters en Addisionele lid tot die Raad, asook die nominasie en verkiesing van die Raadslede tydens Kongres** |
| R7.5 Afwesigheid van Voorsitter by Raadsvergaderings |
| R7.6 Dringende sake vir hantering deur Voorsitter |
| R7.7 Gaste by vergaderings van Raad of Werkgroepe van Raad |

| | |
|---|---|
| R7.8 | Koöptering in Raad of Werkgroepe van Raad |
| **R8** | **Komitees en Werkgroepe** |
| **R9** | **Spesialisbediening** |
| **R10** | **Finansies en Rekordhouding** |
| R10.1 | Rekeningkundige Rekords |
| R10.2 | Ouditeur |
| R10.4 | Begroting |
| **R11** | **Ontruiming van ampte in Raad** |


**BYLAAG A TOT REGULASIES:**

Protokol vir geweegde stemme tydens die Kongres / Buitengewone Kongres.

# DEFINISIES EN UITLEG

## a) UITLEG

Die opskrifte in die grondwet en die Regulasies vervat is slegs vir verwysingsdoeleindes en beïnvloed nie die uitleg of vertolking daarvan nie.

Tensy dit uit die samehang anders blyk, sluit -

i. woorde in die enkelvoud ook die meervoud in en omgekeerd;
ii. woorde wat die manlike geslag aandui ook die vroulike geslag in;
iii. woorde wat natuurlike persone aandui ook vennootskappe en regspersone in;

## b) BRONDOKUMENT: AFRIKAANSE TEKS

In die geval van 'n dispuut oor die vertolking van die grondwet of Regulasies, in daardie geval sal die Afrikaanse weergawe van die grondwet en die Regulasies dien as brondokument.

## c) DEFINISIES

| | | |
|---|---|---|
| **i** | **"Bestuur/Bestuurspan"** | Die HUB en die individue wie aan die HUB van Graan SA rapporteer |
| **ii** | **"Buitengewone Kongres"** | 'n buitengewone algemene vergadering van afgevaardigde lede |
| **iii** | **"Dae"** | kalender dae, insluitend naweke en vakansie dae |
| **iv** | **"Gedragskode"** | Beteken die gedragskode vir verkose lede en personeel, soos van tyd tot tyd deur die Raad goedgekeur |
| **v** | **"Graan"** | Sluit in graan, wintergrane en oliesade |
| **vi** | **"Graan SA "** | Graan Suid-Afrika |
| **vii** | **"Komitees van die Raad"** | sluit in die:<br>- Die Uitvoerende Komitee van die Raad.<br>- Oudit en Risikokomitee<br>- Vergoedingskomitee<br>- Nominasiekomitee |
| **viii** | **"Kongres"** | Die jaarlikse algemene vergadering van afgevaardigde lede |
| **ix** | **"Konsensus"** | Eenstemmigheid in Raad |

| | | |
|---|---|---|
| **x** | **“Kworum”** | **a) Kworum by Kongres/ Buitengewone Kongres:**<br>'n Meerderheid van opbetaalde afgevaardigdes teenwoordig by Kongres, vorm 'n kworum, bereken op 50% plus 1 (een) opbetaalde afgevaardigde, van die goedgekeurde aantal afgevaardigdes na die Kongres.<br><br>**b) Kworum by Raad of Komitees en Werkgroepe van die Raad:**<br>'n Meerderheid van die verkose lede van die Raad, of enige Komitees of Werkgroepe van die Raad, vorm 'n kworum. |
| **xi** | **“Ontwikkelende Produsente”** | Beteken voorheen benadeelde Produsente van kleur. |
| **xii** | **“Produsente”** | Beteken Graan- en Oliesadeprodusente |
| **xiii** | **"Raad"** | die Raad van Graan SA |
| **xiv** | **"Regulasies"** | die Regulasies van tyd tot tyd deur die Raad goedgekeur. |
| **xv** | **“Teenwoordig”** | Teenwoordig beteken teenwoordig in persoon, of aangeteken aanlyn indien dit 'n virtuele vergadering is, en virtuele fasiliteite vir deelname aan die vergadering of Kongres beskikbaar is. Die ordereëlings vir die vergadering of Kongres sal bepaal of aanlyn deelname toelaatbaar is. |
| **xvi** | **"Uitvoerende Komitee"** | die Uitvoerende Komitee van die Raad |
| **xvii** | **“Volstrekte meerderheid deur geweegde stemme”** | 'n Volstrekte meerderheid deur geweegde stemme, word bereken op 50% plus ten minste een (1.0), in terme van die geweegde stemme ingedien. |
| **xviii** | **"Voorsitter en Visevoorsitters”** | die Voorsitter en 2 (twee) Visevoorsitters wat deur die Kongres verkies word, is ook ex officio die Voorsitter en Visevoorsitters van die Raad van Graan SA. |
| **xix** | **“Werkgroepe van die Raad”** | sluit in alle ander Werkgroepe van die Raad soos van tyd tot tyd deur die Raad goedgekeur. |

# GRONDWET
# VAN
# GRAAN SUID-AFRIKA

## 1. NAAM

1.1 Die naam van die organisasie is Graan Suid-Afrika.

1.2 Die verkorte naam van die organisasie is Graan SA.

## 2. STATUS

2.1 Graan SA is 'n outonome organisasie sonder winsoogmerk wat binne die raamwerk van hierdie grondwet funksioneer ter bevordering van die belange van Produsente in Suid-Afrika.

2.2 Graan SA is 'n vrywillige vereniging van individue en regspersone, opgerig vir die doelstellings en met die magte en bevoegdhede hierin uiteengesit. Graan SA is 'n regspersoon wat onafhanklik van sy lede bestaan en is die selfstandige draer van regte en verpligtinge. Graan SA is bevoeg om enige regshandeling te verrig en kan in eie naam enige regsgeding aanhangig maak, voer of bestry in enige hof, en word by enige sodanige regshandeling of regsgeding deur die Raad of deur enige persoon of persone wat behoorlik deur die Raad daartoe gemagtig is, verteenwoordig.

2.3 Die aanspreeklikheid van lede vir die skulde van Graan SA is beperk tot die bedrag van 'n lid se onbetaalde ledegelde of enige ander bedrae deur die lid aan Graan SA verskuldig, wat mag voortspruit uit private ooreenkomste tussen die betrokke lid en Graan SA.

## 3. DOELSTELLINGS:

Die doelstellings van Graan SA is:

3.1 Om erkenning te verkry en op te tree as spreekbuis vir Produsente in Suid-Afrika rakende alle aangeleenthede wat die belange van graanprodusente mag beïnvloed .

3.2 Om namens sy lede inspraak te verkry in besluitneming en ander prosesse wat die belange van graanprodusente raak.

3.3 Om eenheid en 'n gees van saamhorigheid en samewerking onder Produsente te kweek en te bevorder en sodanig as een belangegroep namens Produsente op te tree, met dien verstande dat alle sake streng volgens meriete en op sakegrondslag behandel word en onder geen omstandighede deur partypolitieke oorwegings gerig word nie.

3.4 Om doeltreffende produksie en ingeligte bemarking van graan en graanprodukte te ondersteun met deurlopende produksie, inset- en bemarkingsinligting via die Graan SA webblad, lede- kommunikasie asook die media.

3.5 Om die beste onderlinge verhoudings tussen Produsente, verbruikers en verwerkers van graan en graanprodukte in die graanwaardeketting tot stand te bring en te bevorder.

3.6 Om enige navorsing wat direk of indirek in belang van Produsente of die graanbedryf is, te doen of te laat doen.

3.7 Om die koste-effektiewe opberging, hantering, verwerking en afset van graanprodukte te bevorder.

3.8 Om die laagste moontlike prys- en kostestrukture met betrekking tot boerderybenodigdhede vir Produsente te beding, en die kwaliteit, prys en beskikbaarheid van insette te moniteer.

3.9 Om ongeag die bevordering van gemeenskaplike belange van alle Produsente in Suid-Afrika ook gespesialiseerde dienste aan bedrywe wat deur Graan SA verteenwoordig word, te erken met dienslewering aan daardie kleiner graan- en oliesade bedrywe.

3.10 Om die belange van ontwikkelende Produsente te erken deur voorsiening te maak vir verteenwoordiging van sodanige Produsente in die Raad en in die Graan SA strukture.

## 4. BEVOEGDHEDE VAN GRAAN SA

As 'n regspersoon het Graan SA al die regsbevoegdhede en kapasiteit van 'n natuurlike persoon om alles te doen wat nodig is ten einde die doelstellings van Graan SA na te streef en te verwesenlik, behalwe waar 'n regspersoon onbevoeg is om sodanige magte uit te oefen of kapasiteit te hê en/of waar die grondwet anders bepaal.

## 5. LIDMAATSKAP EN LEDEGELDE

### 5.1 LEDE

Graan SA het die volgende kategorieë vir lidmaatskap:

5.1.1 Kommersiële lede. Natuurlike persone, trusts of enige regspersone wat:

5.1.1.1 ten minste 100 ton graan vir bemarking produseer; en

5.1.1.2 met Graan SA wil assosieer en die doelstellings van Graan SA onderskryf; en

5.1.1.3 die ledegeld en bedryfsheffing aan Graan SA betaal, soos van tyd tot tyd deur die Raad bepaal en goedgekeur word;

kwalifiseer vir lidmaatskap, in terme van die bepalings soos in die Regulasies uiteengesit.

5.1.1.4 Slegs opbetaalde kommersiële lede, ingevolge artikel 5.1.1 kan genomineer word as stemgeregtigde Kongres afgevaardigdes soos uiteengesit in artikel 23.4.

5.1.2 Studiegroeplede verteenwoordigend van Ontwikkelende Produsente

Lede van studiegroepe wat –

5.1.2.1 op klein skaal en minder as 100 ton graan produseer; en

5.1.2.2 met Graan SA wil assosieer en die doelstellings van Graan SA onderskryf; en

5.1.2.3 die neergelegde studiegroepledegelde betaal soos van tyd tot tyd deur die Raad bepaal, en goedgekeur word;

kwalifiseer vir studiegroeplidmaatskap, in terme van die bepalings soos in die Regulasies uiteengesit.

5.1.2.4 Studiegroepgelde is nie stemgeregtig nie, kan nie in enige amp verkies word nie en woon Kongres slegs as waarnemer by, soos uiteengesit in artikel 23.4.

5.1.3 Assosiaat lede:

Uitgetrede Produsente wat

5.1.3.1 nie graan produseer nie; en

5.1.3.2. graag met Graan SA wil assosieer en sy doelstellings onderskryf; en

5.1.3.3 die ledegeld aan Graan SA betaal, soos van tyd tot tyd deur die Raad bepaal en goedgekeur word;

kwalifiseer vir lidmaatskap as Assosiaat lede van Graan SA, in terme van die bepalings vir lidmaatskap soos in die Regulasies uiteengesit.

5.1.3.4 Assosiaat lede is nie stemgeregtig nie, kan nie in enige amp verkies word nie en woon Kongres slegs as waarnemer by.

5.1.4 Studente lidmaatskap:

Studente wie Graad 12 suksesvol voltooi het wat:

5.1.4.1 nie graan produseer nie; en

5.1.4.2 graag met Graan SA wil assosieer en sy doestellings onderskryf; en

5.1.4.3 die studente ledegelde aan Graan SA betaal, soos van tyd tot tyd deur die Raad bepaal en goedgekeur word;

kwalifiseer vir lidmaatskap as studentelede van Graan SA, in terme van die bepaling vir lidmaatskap soos in die regulasies uiteengesit.

5.1.4.4 Studente lede is nie stemgeregtig nie, kan nie in enige amp verkies word nie en woon Kongres slegs as waarnemer by.

5.2 'n Lid hou lidmaatskap van Graan SA in slegs een van die lidmaatskapkategorieë, naamlik

5.2.1 kommersiële lidmaatskap soos vermeld in artikel 5.1.1, of

5.2.2 studiegroep lidmaatskap soos vermeld in artikel 5.1.2, of

5.2.3 Assosiaat lede soos vermeld in artikel 5.1.3; of

5.2.4 Studentelede, soos vermeld in artikel 5.1.4.

5.3 **LEDEGELDE EN BEDRYFSHEFFING**

5.3.1 Ledegelde en die bedryfsheffing word deur die Raad vasgestel en fondse op hierdie wyse bekom dien as bron van finansiering vir Graan SA. Indien die Raad nie ledegelde of die bedryfsheffing vir 'n nuwe boekjaar verander nie, bly die ledegelde en bedryfsheffing soos vasgestel vir die voorafgaande jaar.

5.3.2 Ledegelde vir alle kategorieë lidmaatskap asook die bedryfsheffing, word jaarliks vanaf 1 Oktober tot einde September betaal, wanneer die boekjaar vir ledegelde en bedryfsheffings afgesluit word.

5.3.2.1 Die status van lidmaatskap word bepaal op grond van betalings ontvang tot en met die einde van die maand September wat die Kongres voorafgaan, vir rekeningkundige doelwitte om in die Groepstate gekonsolideer te word.

5.3.2.2 Kommersiële lede soos na verwys in artikel 5.1.1, wie se ledegelde en bedryfsheffing egter opbetaal is gedurende die 12 (twaalf) kalendermaande tot einde Februarie wat die Kongres voorafgaan, kwalifiseer om Kongres as stemgeregtigde afgevaardigde by te woon.

5.4 **BEëINDIGING VAN LIDMAATSKAP**

Lidmaatskap van Graan SA word beëindig -

5.4.1 indien 'n lid nie meer vir lidmaatskap ingevolge die vereistes soos in artikels 5.1.1, 5.1.2 of 5.1.3 kwalifiseer nie.

5.4.2 indien ‘n lid nie die minimum ledegeld en die bedryfsheffing op alle graan deur die lid geproduseer, betaal nie; of

5.4.3 by ontvangs van 'n skriftelike kennisgewing van 'n lid dat die lid bedank; of

5.4.4 indien die Raad besluit dat 'n lid se lidmaatskap beëindig word, onderhewig aan die bepalings soos in die Regulasies uiteengesit.

5.5 Lede wie nie aan die vereistes vir lidmaatskap in terme van artikel 5.3.2 voldoen nie, is nie geregtig om enige van die regte en voorregte van lidmaatskap van Graan SA uit te oefen nie, kan ook nie die Kongres as stemgeregtigde afgevaardigde bywoon, of genomineer word om in enige amp te dien nie

5.6 Die Raad kan te eniger tyd van 'n lid vereis om skriftelike bewys te lewer dat hy steeds ingevolge artikel 5.1, aan die vereistes vir lidmaatskap van Graan SA voldoen. Indien 'n lid in gebreke bly om sodanige skriftelike

bewys te lewer, kan die Raad sy lidmaatskap beëindig. Sodra 'n lid wie se lidmaatskap beëindig is, weer aan die vereistes vir lidmaatskap voldoen, kan hy ingevolge die bepalings van die grondwet weer om lidmaatskap aansoek doen.

## 6. ORGANISATORIESE SAMESTELLING

Graan SA word op nasionale grondslag georganiseer en bestuur deur:-

6.1 Takke en Studiegroepe;

6.2 Streekbesture;

6.3 Die Raad en Graan SA bestuurspan;

6.4 Die Kongres.

## 7. TAKKE EN STUDIEGROEPE IN STREKE

7.1 Takke

7.1.1 Takke word binne die streke soos omskryf in artikel 8.1 gestig. Elke Tak bestaan uit minstens 10 (tien) lede. 'n Lid kan slegs aan een Tak behoort, hetsy óf in die streek waar sy graan boerdery belange is, óf in die streek waar hy woonagtig is.

7.1.2 Indien die lede verkies om hul plaaslike graanbedryfsake binne 'n Boerevereniging te behartig sonder om 'n afsonderlike Tak te stig, word die betrokke Boerevereniging vir doeleindes van die grondwet as die Tak beskou, met die voorbehoud dat slegs opbetaalde lede van Graan SA teenwoordig, oor graan sake kan stem.

7.1.3 Takke mag hul eie huishoudelike reëls saamstel, met die voorbehoud dat dit nie in botsing met die bepalings van die grondwet of die Regulasies is nie.

7.1.4 Die organisatoriese funksionering van Takke word in die Regulasies bepaal.

7.2 Studiegroepe

7.2.1 Studiegroepe vir Ontwikkelende Produsente word binne die produksiestreke soos in artikel 8.2 bepaal, gestig. Elke Studiegroep bestaan uit minstens 10 (tien) studiegroeplede. 'n Studiegroeplid kan slegs aan een Studiegroep behoort, hetsy óf in die streek waar sy graanboerdery belange is, óf in die streek waar hy woonagtig is.

7.2.2 Studiegroepe mag hul eie huishoudelike reëls saamstel, met die voorbehoud dat dit nie in botsing met die bepalings van die grondwet of die Regulasies is nie.

7.2.3 Die organisatoriese funksionering van Studiegroepe word in die Regulasies bepaal.

## 8. STREEKSINDELING: KOMMERSIËLE EN ONTWIKKELENDE STREKE

8.1 Die kommersiële graanproduserende gebiede in Suid-Afrika word deur die Raad in streke ingedeel.

8.2 Die ontwikkelende graanproduserende gebiede in Suid-Afrika word deur die Raad in produksiestreke verdeel.

8.3 By die bepaling van die streeksindeling word die betaling van bedryfsheffings, asook geografiese- en provinsiale grense in ag geneem.

8.4 Dit is in die diskresie van die Raad om van tyd tot tyd 'n herindeling van streke, soos in artikels 8.1 en 8.2 bedoel, goed te keur Skriftelike kennisgewing van 'n herindeling van streke moet ten minste 45 (vyf en veertig) dae vooraf aan die betrokke Takke, Studiegroepe en Streekbesture gegee word, met die voorbehoud dat:

8.4.1 Die afvaardiging na die eersvolgende Kongres, nadat die nuwe streeksindeling deur die Raad goedgekeur is, ingevolge die nuwe streeksamestelling bepaal word.

8.4.2 Die verkiesing vir Raadslede vir die nuwe streke word ook hanteer op die eersvolgende Kongres, volgens die prosedure soos bepaal in artikel 17.2.

8.5 'n Streekbestuur word jaarliks vir elke streek, soos in artikels 8.1 en 8.2 bepaal, saamgestel, bestaande uit die betrokke Raadslid en verteenwoordigers van die betrokke Takke of Studiegroepe. Ten minste een verteenwoordiger uit elke Tak of Studiegroep moet in die Streeksbestuur dien.

8.6 Streekbesture mag hul eie huishoudelike reëls daarstel, met die voorbehoud dat dit nie in botsing met die bepalings van die grondwet of die Regulasies is nie.

8.7 Die organisatoriese funksionering van Streekbesture word in die Regulasies bepaal.

## 9. DIE RAAD

9.1 Die aktiwiteite en sake van Graan SA word bestuur onder leiding van die

Raad. Die Raad beskik oor die volmag en verantwoordelikheid het om toe te sien dat die doelstellings van Graan SA nagestreef en uitgevoer word en om alle magte en verpligtinge uit te oefen, onderhewig aan die bepalings van artikel 9.2.

9.2 Die Raad is die hoogste gesag binne Graan SA,
en word die gesag en die volmag van die Raad slegs beperk tot die mate waar spesifieke sake in terme van die grondwet deur die Kongres goedgekeur moet word, soos uiteengesit in artikel 22 (Bevoegdhede van Kongres).

## 10. SAMESTELLING EN VERKIESING VAN DIE RAAD

Die Raad word saamgestel uit die volgende individue–

10.1 die Voorsitter en 2 (twee) Visevoorsitters kragtens artikel 25 verkies, en

10.2 een verteenwoordiger vir elke streek soos in artikels 8.1 en 8.2 vermeld. Die lid van elke streek op die Raad word tydens die Kongres deur die betrokke streek se afgevaardigdes genomineer en deur hulle by wyse van 'n stemming, op 'n volstrekte meerderheidsgrondslag verkies; en

10.3 een addisionele lid van die Raad verteenwoordigend van ontwikkelende Produsente. Die addisionele Raadslid word verkies ooreenkomstig die bepalings in artikel 25.

10.4 Die Voorsitter, 2 (twee) Visevoorsitters en die addisionele lid verteenwoordig nie 'n streek nie. Indien die Voorsitter, die Visevoorsitters of die addisionele lid wat deur die Kongres in terme van artikel 25 verkies word, in daardie stadium reeds 'n streek in die Raad verteenwoordig, kies die bepaalde streek se afgevaardigdes 'n ander lid in die Raad.

## 11. VAKATURES IN DIE RAAD

11.1 Indien daar vakatures in die Raad vir welke rede ook al ontstaan –

11.1.1 stel die Raad die betrokke streeksbestuur in kennis en versoek die betrokke streek om 'n benoeming te doen om die vakature te vul vir die res van die ampstermyn van die uitgetrede verteenwoordiger;

11.1.2 indien die nodige benoeming kragtens artikel 11.1.1 nie binne 45 (vyf en veertig) dae na datum van die kennisgewing, van die betrokke streeksbestuur ontvang word nie, kan die Raad na goeddunke 'n plaasvervangende verteenwoordiger uit die betrokke streek koöpteer.

11.2 Indien daar 'n vakature in die ampte van Voorsitter of Visevoorsitters ontstaan, word dit ingevolge artikel 26 gevul.

11.3 In die geval van 'n vakature in die Raad as gevolg van die verkiesing van 'n persoon of persone uit die Raad as Voorsitter of Visevoorsitters kragtens artikel 26, word sodanige vakature gevul kragtens artikel 11.1.1.

11.4 Indien daar 'n vakature in die amp van die Addisionele lid van die Raad ontstaan, bly die amp vakant tot en met die eersvolgende Kongres, aangesien die Addisionele lid deur Kongresafgevaardigdes verkies word in terme van artikel 25, en nie deur 'n streek nie.

## 12. KWALIFIKASIES VAN DIE LEDE VAN DIE RAAD

Elke lid Raadslid moet:

12.1 'n opbetaalde lid van Graan SA wees; en

12.2 'n verkose afgevaardigde na die Kongres wees; en

12.3 'n aansienlike deel van hul boerdery-inkomste uit die produksie en bemarking van graan of oliesade verdien; en

12.4 die Gedragskode onderteken; en

12.5 'n lid van die Raad mag nie gediskwalifiseer wees om in 'n fidusiêre hoedanigheid aangestel te word nie, in terme van artikel 6 van die Wet op die Beheer oor Trustgoedere, No 57 van 1988, en/of artikel 25A van die Wet op Organisasies sonder Winsoogmerk, No 71 van 1997 en/of artikel 69 van die Maatskappyewet, No 71 van 2008.

## 13 SETEL

'n Lid mag homself slegs in 1(een) streek vir benoeming tot die Raad of as Kongresafgevaardigde beskikbaar stel, naamlik óf in die streek waar sy graanboerderybelange is, óf in die streek waarin hy woonagtig is.

## 14 BEVOEGDHEDE VAN DIE RAAD

Die Raad beskik oor al die magte en pligte om die doelstellings van Graan SA te verwesenlik deur op te tree in goeie trou, tot voordeel en in belang van die Organisasie en met die nodige sorgsaamheid. Die Raad se magte sluit onder andere in:

14.1 Wysiging van Funderende Dokumentasie:

14.1.1 Om Regulasies vir die doeltreffende bestuur van sake op te stel en te wysig.

14.1.2 Om aanbevelings aan die Kongres in verband met wysigings van die Grondwet te maak.

14.1.3 Om wysigings aan die MOI's van PGP NPC en/of Nampo (Pty) Ltd goed of af te keur, nadat aanbevelings daaroor van die betrokke Raad van Direkteure ontvang is.

14.2 Aanstelling van Verteenwoordigers:

14.2.1 Die nominasie en verkiesing uit eie geledere van verteenwoordigers om te dien in die Komitees van die Raad, insluitend die Uitvoerende Komitee, die Oudit en Risiko Komitee, die Vergoedingskomitee en die Nominasie Komitee, en/of ander komitees van die Raad soos deur die Raad van tyd tot tyd bepaal.

14.2.2 Die nominasie en verkiesing uit eie geledere van verteenwoordigers om in interne Werksgroepe van die Raad te dien, en/of om persone te koöpteer om in die werkgroepe van die Raad te dien.

14.2.3 Om uit eie geledere persone te nomineer en te verkies om as verteenwoordigers in eksterne bedryfsentiteite te dien, of om sodanige benoemings te beëindig.

14.3 Aanstelling van die Hoof Uitvoerende Beampte:

Om die Hoof Uitvoerende Beampte van Graan SA van tyd tot tyd aan te stel, na oorweging van aanbevelings van die Vergoedingskomitee.

14.4 Finansies en goedkeuring van gekonsolideerde finansiële state van die Groep van Entiteite:

14.4.1 Om die finansiële state, die ouditverslag asook die gekonsolideerde groep state te oorweeg en goed te keur, na aanbevelings van die Oudit en Risiko Komitee ontvang en in ag geneem is.

14.4.2 Om ouditeursfooie goed te keur, nadat die Oudit en Risiko Komitee die ouditfooie oorweeg en aanbeveel het.

14.5 Goedkeuring van Graan SA se besigheidstrategie:

14.5.1 Om jaarliks Graan SA se besigheidstrategie te oorweeg en goed te keur, na aanbevelings van die Uitvoerende Komitee.

14.6 Begroting:

14.6.1 Om jaarliks die begroting en kapitale begroting vir Graan SA goed te keur.

14.6.2 Om jaarliks die ledegelde vir kommersiële lede en studiegroeplede goed te keur.

14.6.3 Om jaarliks die vrywillige Graan SA heffing vir alle kommoditeite wat deur Graan SA gedien word, goed te keur.

14.7 Lidmaatskap:

14.7.1 Om aansoeke vir lidmaatskap van nuwe lede te oorweeg, goed of af te keur en om 'n lid se lidmaatskap te beëindig sou dit van tyd tot tyd nodig wees, in terme van die toepaslike Regulasies.

14.7.2 Om kriteria vir lidmaatskap te bepaal en van tyd tot tyd te wysig.

14.8 Beleidsformulering:

14.8.1 Om beleid te formuleer en goed te keur oor alle sake wat 'n impak op die graan en oliesadebedryf of die volhoubare produksie van graan of oliesade tot gevolg mag hê.

14.8.2 Om as mondstuk van graan en oliesadeprodusente op te tree insake beleidstandpunte en dit aan die betrokke waardeketting en/of die owerheid en/of enige ander rolspelers deur te gee.

14.9 Interne beleid:

14.9.1 Om interne beleid te bepaal vir:

(i) Beleggingsbestuur;
(ii) Kapitale struktuur en uitgawes;
(iii) Om lenings aan te gaan sou dit van tyd tot tyd nodig wees.

14.10 Goedkeuring vir wesentlike verandering aan Entiteite in die Groep van Entiteite:

14.10.1 Om wysigings van besigheidstrategieë, soos van tyd tot tyd deur die Rade van Direkteure van PGP NPC of Nampo (Pty) Ltd aanbeveel word, te oorweeg en goed of af te keur, met inagneming van die bepalings in die betrokke funderende dokumentasie van die Entiteit.

14.11 Prestasie evaluasie:

14.11.1 Om jaarliks die prestasie evaluasie van beide Graan SA asook die ander Entiteite in die groep, in terme van goedgekeurde strategiese planne te oorweeg en goed te keur.

14.12 Nuwe besigheidsinisiatiewe:

14.12.1 Om nuwe besigheidsinisiatiewe of die afskaling van bestaande besigheidsaktiwiteite te oorweeg en goed te keur, met inagneming van die Grondwet, asook die ander funderende dokumente, van die betrokke entiteite.

14.12.2 Om van tyd tot tyd die hersonering van vaste bates te oorweeg.

14.13 Korporatiewe identiteit:

Om van tyd tot tyd aanbevelings aan Kongres te maak oor die oorweging en goedkeuring van Graan SA se korporatiewe identiteit en handelsmerk.

14.14 Risiko Bestuur:

Die jaarlikse hersiening van die top 10 (tien) risiko's van toepassing op alle entiteite in die groep, asook maatreëls om die betrokke risiko's te bestuur, te oorweeg en goed te keur.

14.15 Delegasie van Bevoegdhede:

Om van tyd tot tyd wysigings van die Delegasie van Bevoegdhede binne Graan SA met betrekking tot die Raad, die Uitvoerende Komitee en/of besigheidsentiteite in die groep te oorweeg en goed te keur.

14.16 Setel van Hoofkantoor:

Om van tyd tot tyd die setel van die Graan SA Hoofkantoor te oorweeg en goed te keur.

14.17 Streeksindeling:

Om van tyd tot tyd besluite oor die herindeling van streke te neem.

14.18 Verwesenliking van doelstellings van Graan SA:

Om sodanige handelinge te verrig en besluite te neem ten einde die doelstellings van Graan SA op volhoubare wyse na te streef en te verwesentlik.

## 15. UITVOERENDE KOMITEE VAN DIE RAAD (UK)

15.1 Samestelling:

Die Uitvoerende Komitee word saamgestel as volg:

15.1.1 die Voorsitter van die Raad (ex officio), en

15.1.2 2 (twee) Visevoorsitters van die Raad (ex officio) en

15.1.3 minstens 4 (vier) verkose Raadsledere wat uit eie geledere met stembriewe verkies word, waarvan een persoon 'n Ontwikkelende Produsent moet wees; en

15.1.4 die HUB en CFO (Finansiële Hoof), beide ex officio, staande uitnodigings maar sonder stemreg.

15.2 Bevoegdhede van Uitvoerende Komitee:

Die Uitvoerende Komitee het die bevoegdheid om alle sake ingevolge die goedgekeurde Delegasie van Bevoegdhede sowel as die mandaat van die Uitvoerende Komitee te hanteer wat van tyd tot tyd deur die Raad hersien kan word. Dit sluit ondermeer in:

15.2.1 Die monitering van finansiële bestuur.

15.2.2 Die monitering van beleggingsbestuur ingevolge die goedgekeurde beleggingsbeleid.

15.2.3 Sorg te dra dat bankrekeninge by erkende banke of finansiële instellings in die naam van Graan SA ge-open word.

15.2.4 Sorg te dra dat alle dokumente ingevolge waarvan Graan SA regte verkry en verpligtinge aangaan deur lede van die Bestuur wat deur die Uitvoerende Komitee daartoe gemagtig is, onderteken word, ooreenkomstig die mandate soos uiteengesit in die Beleid en Prosedure van Graan SA

15.2.5 Besluite te neem of aanbevelings aan die Raad te maak met betrekking tot sodanige sake soos geïdentifiseer in die Delegasie van Bevoegdhede sowel as die mandaat van die Uitvoerende Komitee.

15.2.6 Die Uitvoerende Komitee is verantwoordelik en aanspreeklik vir die volhoubaarheid en die prestasie van Graan SA, soos in die strategiese plan van tyd tot tyd bepaal word.

## 16. VERGADERINGS VAN DIE RAAD EN BESLUITNEMING MET GEWEEGDE STEMME

16.1 Die Raad vergader soos en wanneer nodig, maar minstens 3 (drie) keer per jaar.

16.2 Vergaderings van die Raad word belê in ooreenstemming met die goedgekeurde kalender vir Graan SA, met dien verstande dat 'n spesiale vergadering van die Raad belê mag word -

16.2.1 indien die Voorsitter van die Raad so opdrag gee; of

16.2.2 indien enige van die Visevoorsitters van die Raad in waarnemende hoedanigheid as Voorsitter so opdrag gee; of

16.2.3 indien ten minste een derde van die verkose Raadslede dit skriftelik versoek; of

16.2.4 in die geval waar artikel 24.2 van toepassing is, en ten minste een derde van die streeksbesture 'n skriftelike gemotiveerde versoek rig, vir 'n Buitengewone Kongres.

16.3 Stemming en besluitneming in die Raad vind plaas ooreenkomstig die bepalings in die Regulasies vervat.

## 17. DIENSTERMYN VAN RAADSLEDE, DIE VOORSITTER, VISEVOORSITTERS EN ADDISIONELE LID

17.1 Die Raadslede se ampstermyn duur vir 2 (twee) jaar, met dien verstande dat 'n Raadslid wat nie 'n verkose afgevaardigde na die Kongres vir die daaropvolgende jaar is nie, sy amp as Raadslid by verstryking van die eerste jaar ontruim.

17.2 In gevalle waar die Raad 'n herindeling van streke ingevolge artikel 8.4 goedgekeur het, ontruim Raadslede van die betrokke streke hul ampte tydens die eersvolgende Kongres. Verkiesings van verteenwoordigers van nuut ingedeelde streke vind vir beide die betrokke gelyke en ongelyke genommerde streke plaas tydens die eersvolgende Kongres.

17.3 Die Voorsitter, Visevoorsitters en Addisionele lid se ampstermyn duur vir 1 (een) jaar en word jaarliks deur Kongres verkies in terme van die bepalings van artikel 25.

17.4 'n Uittredende Raadslid kwalifiseer om herverkies te word deur sy streek se afgevaardigdes.

## 18. ONTRUIMING VAN AMP AS RAADSLID

'n Raadslid ontruim sy amp indien -

18.1 die betrokke lid sy bedanking skriftelik indien; of

18.2 die betrokke lid deur 'n bevoegde hof kranksinnig of insolvent of andersins regsonbevoeg verklaar word, of onder administrasie of kuratele sorg geplaas word; of

18.3 die betrokke lid homself vir enige party politieke amp verkiesbaar stel; of

18.4 die betrokke lid nie meer vir lidmaatskap ingevolge artikel 12 kwalifiseer nie; of

18.5 indien die herindeling van streke tot gevolg het dat streeksgrense wysig, ingevolge artikel 8.4.

## 19. BEËINDIGING VAN LIDMAATSKAP VAN RAAD

19.1 Lidmaatskap kan deur die Raad beëindig word indien die betrokke lid -

19.1.1 sonder 'n grondige rede van 2 (twee) agtereenvolgende Vergaderings van die Raad afwesig is; of

19.1.2 nie sy ledegelde en bedryfsheffings teen einde September jaarliks betaal nie: of

19.1.3 homself aan wangedrag skuldig maak.

19.2 Wangedrag sluit ondermeer in dat ʼn lid:

19.2.1 die verwesenliking van die doelstellings van Graan SA opsetlik dwarsboom of benadeel; of

19.2.2 deur 'n hof aan 'n kriminele oortreding skuldig bevind word; of

19.2.3 nie die bepalings soos in die Gedragskode uiteengesit nakom nie.

19.3 By die beëindiging van lidmaatskap van die Raad ingevolge die bepalings van artikel 19, moet die betrokke Raadslid uit alle ampte waar hy Graan SA ampshalwe verteenwoordig bedank. Die Sekretariaat sal die Raadslid asook die betrokke entiteite dienooreenkomstig in kennis stel.

19.4 Indien ʼn Raadslid uittree of bedank, anders as in terme van die bepalings van artikel 19, sal so ʼn Raadslid ook bedank uit enige amp wat hy as Raadslid namens Graan SA beklee, behalwe in daardie gevalle waar die Raad die persoon versoek om ʼn termyn by ʼn eksterne entiteit te voltooi.

## 20. KOMITEES EN WERKGROEPE VAN DIE RAAD

20.1 Werkgroepe van die Raad

20.1.1 Die Raad kan uit eie geledere een of meer Werkgroepe aanstel om die Raad by te staan met die uitvoering van pligte en gedelegeerde bevoegdhede.

20.1.1.1 Die Raad kan te eniger tyd die ledetal van 'n Werkgroep vermeerder of verminder. Die Nominasiekomitee kan ʼn aanbeveling aan die Raad maak om 'n vakature in so 'n Werkgroep te vul.

20.1.2 Die lede van 'n Werkgroep verkies jaarliks na Kongres 'n voorsitter uit eie geledere tydens die eerste vergadering van die Werkgroep wat volg na Kongres. Die voorsitters van Werkgroepe word deur die Raad goedgekeur tydens die eersvolgende vergadering van die Raad.

20.1.2.1 Indien die Raad nie die verkose voorsitter van 'n Werkgroep goedkeur nie, kan die Raad versoek dat 'n alternatiewe voorsitter vir die betrokke Werkgroep genomineer en verkies word.

20.1.2.2 Die Raad kan na goeddunke bevoegdhede aan so 'n Werkgroep delegeer , maar word nie onthef van die aanspreeklikheid van die gedelegeerde bevoegdheid wat die Raad aan 'n Werkgroep gedelegeer het nie, en kan 'n beslissing van so 'n Werkgroep intrek of wysig.

20.1.2.3 Werkgroepe is bevoeg om inset, produksie, mark en ander aangeleenthede te hanteer, ter bevordering van die strategiese doelwitte van Graan SA.

20.2 Komitees van die Raad

20.2.1 Die volgende komitees diens as Komitees van die Raad, en word uit die geledere van die Raad verkies:

20.2.1.1 Uitvoerende Komitee van die Raad

20.2.1.2 Oudit en Risiko Komitee

20.2.1.3 Vergoedingskomitee

20.2.1.4 Nominasiekomitee

20.2.2 Ander komitees soos van tyd tot tyd deur die Raad aangestel.

20.3 Die Uitvoerende Komitee moet verslae van besluite of aksies aan die Raad bied, by wyse van skriftelike verslagdoening wat by Raadsvergaderings moet dien. Die betrokke notules moet tydig deurgegee word, om saam met die Agenda Bundel van die Raad uitgestuur te word.

## 21. DIE KONGRES

Die Kongres is die jaarlikse algemene vergadering van afgevaardigde verteenwoordigers van die lede van Graan SA. Alle ander algemene vergaderings van afgevaardigde verteenwoordigers van lede is Buitengewone

Kongresse. Die Kongres word jaarliks gehou op 'n datum en plek soos deur die Raad bepaal. Administratiewe reëlings met betrekking tot sake soos kennisgewing en kworum van 'n Kongres of Buitengewone Kongres word in die Regulasies bepaal.

## 22. BEVOEGDHEDE VAN DIE KONGRES

Die bevoegdhede van die Kongres is -

22.1 die oorweging van die verslag van die Raad oor die afgelope jaar se werksaamhede, insluitend die jaarlikse finansiële en gekonsolideerde groepstate;

22.2 die verkiesing van die Voorsitter, 2 (twee) Visevoorsitters, en die Addisionele Raadslid;

22.3 die verkiesing van die Raadslede tydens Kongres;

22.4 die jaarlikse aanstelling van 'n ouditeur, ingevolge Regulasie 10;

22.5 die hantering van enige ander sake wat as mosies of besprekingspunte vanaf opbetaalde afgevaardigdes of streeksbesture na Kongres verwys word vir die mandatering van die Raad om sake na afloop van die Kongres te hanteer;

22.6 die aanbieding van wegbreekgroepe vir kommoditeite wat deur Graan SA verteenwoordig word vir die hantering van bedryfspesifieke sake;

22.7 die bepaling van die aantal afgevaardigdes na 'n daaropvolgende Kongres, soos van tyd tot tyd nodig mag wees;

22.8 indien nodig, oorweging en goedkeuring van die leningsbevoegdheid van Graan SA wat beperk is tot die omvang van die totale bates van Graan SA, waarby ingesluit is die totaal van ledegelde en bedryfsheffings wat van tyd tot tyd aan Graan SA betaalbaar is, tensy die Kongres of enige Buitengewone Kongres anders besluit;

22.9 indien nodig, oorweging en goedkeuring van die vervreemding of beswaring van enige onroerende bates van Graan SA wat meer as die helfte van die waarde van die totale bates van Graan SA behels, is onderhewig aan die goedkeuring van 'n gewone meerderheid van opbetaalde afgevaardigdes teenwoordig by 'n Kongres, of by 'n Buitengewone Kongres wat vir sodanige doel belê is; en

22.10 die oorweging en goedkeuring van wysigings van die grondwet, soos in artikel 29 uiteengesit.

22.11 die oorweging en goedkeuring van die korporatiewe identiteit of handelsmerk van Graan SA, soos van tyd tot tyd nodig mag wees.

## 23. SAMESTELLING VAN DIE KONGRES

Lede van Graan SA word verteenwoordig by ‘n Kongres of Buitengewone Kongres deur afgevaardigdes uit streke. Die samestelling van die Kongres is ooreenkomstig die getal afgevaardigdes, soos van tyd tot tyd deur die Kongres bepaal, met dien verstande dat:

23.1 Die produksiestreke vir ontwikkelende Produsente in terme van artikel 8.2, geregtig is op 'n Kongresafvaardiging van minstens 10% van die totaal getal afgevaardigdes.

23.2 Die produksiestreke vir kommersiële Produsente in terme van artikel 8.1 en 8.2, geregtig is op die aantal afgevaardigdes, soos van tyd tot tyd deur Kongres bepaal, ooreenkomstig die betaling van die 3 (drie) jaar skuiwende gemiddelde bedryfsheffing per streek.

23.3 Die getal afgevaardigdes vir Kongres, bly van krag tot wanneer Kongres op 'n ander samestelling vir afgevaardigdes besluit het, soos uiteengesit in die Regulasies.

23.4 Slegs opbetaalde kommersiële lede, ingevolge artikel 5.1.1, van die streke vermeld in artikel 8.1 en 8.2 kan genomineer word as Kongresafgevaardigdes. Indien Studiegroeplede soos in artikel 5.1.2 vermeld genomineer word om die Kongres by te woon, sal die persone slegs as waarnemers sonder stemreg die Kongres bywoon en is ook nie verkiesbaar vir enige amp in Graan SA nie.

## 24. BUITENGEWONE KONGRES

'n Buitengewone Kongres, waarop slegs sake bespreek word waarvoor dit byeengeroep word, kan in die volgende gevalle belê word -

24.1 wanneer die Raad so ’n besluit neem; of

24.2 op skriftelike en gemotiveerde versoek van minstens 1/ 3 (een-derde) van die Streekbesture, welke versoek deur die Raad goedgekeur moet word; en

24.3 'n Buitengewone Kongres om die grondwet te wysig kan slegs met goedkeuring van die Raad belê kan word. Skriftelike kennisgewing van grondwetwysigings wat by die Buitengewone Kongres dien, moet ten minste 45 (vyf en veertig) dae voor die Kongres aan alle Streeksbesture en Studiegroepe gegee word.

**25. VERKIESING VAN VOORSITTER, 2 (TWEE) VISEVOORSITTERS EN DIE ADDISIONELE LID TOT DIE RAAD (VERTEENWOORDIGEND VAN LANDBOU-ONTWIKKELING)**

25.1 Die Kongres kies jaarliks op die wyse in die Regulasies voorgeskryf 'n Voorsitter, 2 (twee) Visevoorsitters en 'n Addisionele Raadslid uit die opbetaalde afgevaardigdes na die Kongres. Hulle doen diens tot by afloop van die Kongres wat volg op die een waarop hulle verkies is.

25.2 'n Persoon kan slegs as Voorsitter, Visevoorsitter of Addisionele Raadslid genomineer en verkies word, indien die persoon deur die betrokke streek na Kongres afgevaardig is.

25.3 Vir die Voorsitter en Visevoorsitter wat eerste verkies word, kan enige van die opbetaalde afgevaardigdes deur die Kongres genomineer en verkies word.

25.4 Indien slegs 1 (een) kandidaat wettig genomineer word, sal dit aan die Kongres bekend word dat die persoon eenparig verkies is as hetsy die Voorsitter, of die Visevoorsitter wat eerste verkies word.

25.5 Indien 2 (twee) of meer kandidate genomineer word, kies alle opbetaalde Kongresafgevaardigdes teenwoordig, die Voorsitter of die Visevoorsitter wat eerste verkies word, met 'n volstrekte meerderheid van stemme, ingevolge die bepalings van Regulasie 7.

25.6 Indien die Voorsitter of Visevoorsitter wat eerste verkies word nie verteenwoordigend van ontwikkelende Produsente is nie, in daardie geval moet die Visevoorsitter wat tweede verkies word, verteenwoordigend van ontwikkelende Produsente wees, en verkies word ingevolge die prosedure van artikel 25.5

25.7 Die Addisionele Raadslid, word verkies ingevolge die bepalings van artikel 25.9.

**25.8 Prosedure vir nominasie en verkiesing van Visevoorsitter wat tweede verkies word, indien die Voorsitter of Visevoorsitter, wat eerste verkies word nie verteenwoordigend van ontwikkelende Produsente is nie:**

25.8.1 Alle ontwikkelende afgevaardigdes wie aan die vereistes vir kommersiële lidmaatskap voldoen soos in artikel 5.1.1 omskryf, kwalifiseer om genomineer te word vir die amp van Visevoorsitter wat tweede verkies word, ongeag die streek wat die persoon na Kongres afgevaardig het.

25.8.1.1 Vir die amp van die Visevoorsitter wat tweede verkies word, kan slegs ontwikkelende afgevaardigdes, ongeag die streek wat verteenwoordig word, aan die nominasieproses deelneem. Indien slegs een kandidaat wettig genomineer word, sal dit aan die Kongres bekend gemaak word dat die persoon eenparig verkies is.

25.8.1.2 Indien meer as twee kandidate genomineer word, moet slegs die ontwikkelende afgevaardigdes, ongeag die streek wat verteenwoordig word, tussen die genomineerde kandidate kies om die top twee genomineerde kandidate te bepaal. Die proses soos in die Regulasies uiteengesit, sal toepaslik wees om die twee finale kandidate te bepaal.

25.8.2 In die geval waar slegs twee kandidate deur die ontwikkelende afgevaardigdes genomineer is in terme van artikel 25.8.1.1, of vir nominasie verkies is in terme van artikel 25.8.1.2, daarna kies alle opbetaalde Kongres afgevaardigdes teenwoordig, die Visevoorsitter wat tweede verkies word, uit die twee genomineerde kandidate.

25.8.3 Die kandidaat met die volstrekte meerderheid van stemme, word verkies as die Visevoorsitter wat tweede verkies word.

**25.9 Prosedure vir die verkiesing van 'n Addisionele Raadslid (verteenwoordigend van ontwikkelende Produsente)**

25.9.1 'n Addisionele Raadslid verteenwoordigend van die ontwikkelende Produsente word deur slegs ontwikkelende afgevaardigdes genomineer en verkies, ongeag die streek waaruit hul na Kongres afgevaardig is. Die nominasie en verkiesing van die Addisionele Raadslid sal ingevolge die bepalings van die Regulasies plaasvind.

25.9.2 Alle ontwikkelende afgevaardigdes wat voldoen aan lidmaatskapvereistes soos vermeld in artikel 5.1.1, kwalifiseer om genomineer te word as die Addisionele Raadslid , ongeag die streek wat die persoon na die Kongres afgevaardig het.

25.9.3 Indien slegs een kandidaat wettig genomineer word, sal dit aan die Kongres bekend gemaak word dat die persoon eenparig verkies is.

## 26. VAKATURES IN AMPTE VAN VOORSITTER OF VISEVOORSITTERS

26.1 Indien 'n permanente vakature ten opsigte van die Voorsitter ontstaan, vul 1 (een) van die Visevoorsitters, daardie vakature tot na afloop van die eersvolgende Kongres. Die Raad verkies in hierdie geval uit die geledere van die 2 (twee) Visevoorsitters die Voorsitter. In hierdie geval word 'n vervangende Visevoorsitter gekies soos bepaal in artikel 26.2.

26.2 Indien 'n permanente vakature ten opsigte van die 1 (een) van die 2 (twee) Visevoorsitters ontstaan, nomineer en verkies die Raad 'n lid uit sy geledere om die vakature te vul tot na afloop van die eersvolgende Kongres.

## 27. FINANSIëLE JAARSTATE

Die Raad moet jaarliks Graan SA se geouditeerde finansiële state en gekonsolideerde groepstate vir die afgelope finansiële jaar oorweeg en goedkeur. Die finansiële boekjaar van Graan SA strek vanaf 1 Oktober tot 30 September jaarliks, of soos van tyd tot tyd deur die Raad bepaal.

## 28. SKADELOOSSTELLING

Geen aksie vir skadevergoeding word ingestel teen die Raad, of enige Komitee of Werkgroep of enige lid daarvan, ten opsigte van enigiets wat te goedertrou ingevolge die bepalings van die grondwet uitgevoer is nie.

## 29. WYSIGING VAN DIE GRONDWET DEUR KONGRES EN WYSIGING VAN DIE REGULASIES DEUR DIE RAAD

Hierdie grondwet mag te eniger tyd gewysig word en Graan SA mag te eniger tyd ontbind word deur die Kongres of 'n Buitengewone Kongres spesiaal vir die doel belê: Met dien verstande dat -

29.1 in die geval van 'n voorgestelde wysiging van die grondwet -

29.1.1 moet die Raad minstens 45 (vyf en veertig) dae voor die datum van die plaasvind van die Kongres of Buitengewone Kongres aan alle Raadslede, Streekbesture en Studiegroepe skriftelik kennis van die voorgestelde grondwetwysigings gee, met besonderhede van die wysigings wat aan die grondwet aanbeveel word; en

29.1.2 moet minstens 2/3 (twee-derdes) van die aanwesige afgevaardigdes, teenwoordig by Kongres, insluitend geweegde stemme toegeken aan streke wie vir geweegde stemme kwalifiseer, ten gunste van die wysiging van die grondwet stem; en

29.1.3 enige wysiging van die grondwet , moet binne 30 (dertig) dae na die wysiging aan die Kommissaris van SARS deurgegee word, ten einde te voldoen aan die vereistes van artikel 30B(2)(b)(xi) van die Wet op Inkomstebelasting (Wet 58 van 1962).

29.2 in die geval van die voorgestelde wysiging aan die Regulasies

29.2.1 moet al die Raadslede skriftelik in kennis gestel word van die voorgestelde wysiging, ten minste 14 (veertien) dae voor die datum van die Raadsvergadering of spesiale vergadering van die Raad, en

29.2.2 moet ten minste 2/3 (twee-derdes) van die Raadslede teenwoordig by die vergadering wees, en

29.2.3 moet die voorgestelde wysiging aan die Regulasies, met ten minste 'n 75% meerderheid goedgekeur word, in ooreenstemming met geweegde stemme per streek soos bepaal in terme van die Regulasies.

29.3 in die geval van 'n voorstel van ontbinding van Graan SA as organisasie:

29.3.1 moet die Raad minstens 45 (vyf en veertig) dae voor die datum van die plaasvind van die Kongres of Buitengewone Kongres kennis van die voorstel van ontbinding gee aan alle lede van Graan SA, asook aan alle Studiegroepe, Streekbesture en Takstrukture. , Lede en strukture moet skriftelik in kennis gestel word van die datum en plek van die Kongres of Buitengewone Kongres om die voorstel vir ontbinding te oorweeg;

29.3.2 daar moet bevestig word dat 'n kworum van opbetaalde afgevaardigdes by die Kongres of Buitengewone Kongres teenwoordig is, waar die voorstel dat Graan SA ontbind, oorweeg word; en

29.3.3 indien minstens 2/3 (twee-derdes) van die aanwesige opbetaalde afgevaardigdes by die Kongres of Buitengewone Kongres wat vir die doel belê is, ten gunste van ontbinding stem, word Graan SA ontbind;

29.3.4 Nadat besluit is om te ontbind, stel die Kongres of Buitengewone Kongres een of meer likwidateurs aan om besit te neem van die bates van Graan SA en om sy boedel te beredder. Die likwidateur(s) verkoop soveel van die bates op publieke veiling of uit die hand of by wyse van privaattender as wat nodig mag wees om die skulde van Graan SA te betaal. Die balans van die bates of reserwes word daarna betaal of oorgedra ooreenkomstig artikel 32.10, om te voldoen aan die vereistes van artikel 30B van die Wet op Inkomstebelasting (Wet 58 van 1962).

## 30. BELASTINGSTATUS EN SPESIALE VOORWAARDES

Die volgende spesiale voorwaardes sal te alle tye toepaslik wees, ooreenkomstig die belastingstatus van Graan SA soos deur die Ontvanger van Inkomste goedgekeur, in terme van artikel 30B van die Wet op Inkomstebelasting (Wet 58 van 1962), naamlik:

30.1 Graan SA se Raad sal bestaan uit minstens 3 (drie) natuurlike persone, wat nie verbonde persone met betrekking tot mekaar is nie, om die fidusiêre verantwoordelikheid vir Graan SA te aanvaar, wat nie gediskwalifiseer is om in 'n fidusiêre hoedanigheid aangestel te word nie in terme van artikel 6 van die Wet op die Beheer oor Trustgoedere, No 57 van 1988, en/of artikel 25A van die Wet op Organisasies sonder Winsoogmerk, No 71 van 1997 en/of artikel 69 van die Maatskappyewet, No 71 van 2008.

30.2 Geen enkele persoon sal direk of indirek die besluitnemingsbevoegdheid met betrekking tot Graan SA beheer nie.

30.3 Graan SA sal nie direk of indirek enige van sy fondse of bates aan enige persoon beskikbaar stel andersins as vir die bevordering van die organisasie se doelwitte nie.

30.4 Graan SA sal 'n substantiewe deel van fondse aanwend vir die uitsluitlike bevordering van die doelwitte van die organisasie.

30.5 Geen lid sal direk of indirek enige persoonlike of private belang in Graan SA hê nie;

30.6 Die substantiewe geheel van die aktiwiteite van Graan SA sal gerig wees op die bevordering van sy doelstellings en nie vir die spesifieke voordeel van 'n individuele lid of minderheidsgroep nie.

30.7 Graan SA sal nie 'n aandeel of ander belang in enige besigheid, professie of beroep wat deur sy lede bedryf word, hê nie.

30.8 Graan SA mag nie aan enige werknemer, amptenaar, lid of ander persoon enige oormatige besoldiging, soos omskryf in die Vierde Bylae van die Wet op Inkomstebelasting betaal nie, met inagneming van wat algemeen as redelik in die sektor geag word met betrekking tot die dienste gelewer.

30.9 'n Substantiewe gedeelte van die geheel van Graan SA se befondsing welke nie minder as 85% sal wees soos vertolk en uiteengesit in die "general binding rulings" deur SARS, sal verkry word van sy jaarlikse of ander langtermyn lede, of uit 'n toewysing deur die regering van die Republiek in die nasionale, provinsiale of plaaslike owerheid. In afwesigheid van enige formele of amptelike vertolking soos deur SARS uitgereik met betrekking tot die betekenis van "befondsing", sal die Raad die vertolking en toepassing van die voorwaarde bevestig, ten einde aan die voorskrifte van artikel 30B, van die Wet of Inkomstebelasting (Wet 58 van 1962), te voldoen.

30.10 Met ontbinding sal Graan SA, soos bedoel deur die bepalings van artikel 30B(2)(b)(x) van die Wet op Inkomstebelasting (Wet 58 van 1962) sy bates oordra aan-

30.10.1 'n Ander entiteit soos deur die Kommissaris van SARS goedgekeur ingevolge artikel 30B van die Wet op inkomstebelasting (Wet 58 van 1962);

30.10.2 'n Openbare weldaadsorganisasie, goedgekeur ingevolge artikel 30 van die Wet op Inkomstebelasting (Wet 58 van 1962), soos gewysig;

30.10.3 'n Instelling, raad of entiteit wat kragtens artikel 10(1)(cA)(i) van die Wet op Inkomstebelasting, van belasting vrygestel is; of

30.10.4 'n Instelling of entiteite van die regering van die Republiek in 'n nasionale, provinsiale of plaaslik owerheid;

30.11 Die Raad sal enige wysiging van die grondwet binne 30 (dertig) dae van wysiging aan die Kommissaris van die SARS voorlê;

30.12 Graan SA sal voldoen aan die verslagdoeningsvereistes soos deur die Kommissaris van SARS tyd tot tyd bepaal;

30.13 Graan SA sal nie bewustelik toelaat dat die organisasie gebruik word vir ontoelaatbare vermydingsreëlings soos uiteengesit in artikel IIA van Hoofstuk III, van die Wet op Inkomstebelasting (Wet 58 van 1962), of betrokke raak by enige transaksie, handeling of skema soos in artikel 103(5) van die Wet op Inkomstebelasting vermeld word nie.

# REGULASIES

Hierdie Regulasies is uitgevaardig kragtens artikel 14 van die grondwet en word genommer vanaf R1. Terminologie is soos gedefinieer in die grondwet tensy uitdruklik anders gedefinieer in die Regulasies.

## R1 **LIDMAATSKAP EN STUDIEGROEP-LIDMAATSKAP**

### R1.1 **AANSOEKVORM**

Aansoekers om lidmaatskap van Graan SA voltooi die amptelike aansoekvorm.

### R1.2 **INHOUD VAN AANSOEKVORM**

Die aansoekvorm bevat onder andere 'n verklaring deur die aansoeker:

R1.2.1 In die geval van aansoeke om kommersiële lidmaatskap dat die aansoeker meer as 100 ton graan produseer vir bemarking.

R1.2.2 In die geval van aansoeke om studiegroeplidmaatskap dat die aansoeker minder as 100 ton graan produseer.

R1.2.3 In die geval van aansoeker vir Assosiaatlidmaatskap, dat die aansoeker nie graan produseer nie, maar met Graan SA wil assosieer. Aansoeke vir Assosiaatlidmaatskap moet deur die Raad goedgekeur word en sal slegs oorweeg word indien die aansoeker voorheen 'n opbetaalde lid vir ten minste 3 (drie) jaar was. Lidmaatskapfooie beloop dieselfde as vir kommersiële lidmaatskap, maar is geen bedryfsheffing betaalbaar nie.

R1.2.4 In die geval van ’n aansoek vir studente lidmaatskap, dat die aansoeker nie graan produseer nie, maar Graad 12 suksesvol voltooi het.

R1.2.5 In alle kategorieë van lidmaatskap bevat die aansoekvorm ‘n verklaring deur die aansoeker dat hy die doelstellings van Graan SA onderskryf.

### R1.3 **OORWEGING**

Alle aansoeke om lidmaatskap word deur die Raad oorweeg en goed- of afgekeur.

### R1.4 **INWERKINGTREDING**

Lidmaatskap van Graan SA tree slegs in werking en die nuwe lid verkry slegs lederegte nadat sy ledegelde en bedryfsheffings, betaal is.

R1.5 **LEDEREGISTER**

'n Register van die name en adresse van alle lede word by die hoofkantoor van Graan SA gehou. Ledедata sal ingevolge toepaslike wetgewing bestuur word.

R1.6 **BEëINDIGING VAN LIDMAATSKAP**

R1.6.1 Wanneer die Raad oorweeg om 'n lid se lidmaatskap te beëindig, rig die Voorsitter van die Raad 'n skriftelike kennisgewing aan die lid, waarin redes vir sodanige oorweging verstrek word. Die betrokke lid het 21 (een en twintig) dae tyd om skriftelik redes aan die Raad voor te lê waarom lidmaatskap nie beëindig moet word nie.

R1.6.2 Die Raad is geregtig maar nie verplig nie om die betrokke lid te woord te staan in welke geval die lid nie op regsverteenwoordiging geregtig is nie.

R1.6.3 Die Raad stel die betrokke lid binne 21 (een en twintig) dae na die Raadsvergadering van die besluit in kennis, naamlik of lidmaatskap vir die betrokke lid gehandhaaf of beëindig word. Die rede van die besluit moet in die skriftelike kennisgewing vermeld word.

R2 **KENNISGEWINGS**

R2.1 **VERSENDING**

Alle kennisgewings van Graan SA word elektronies aan lede en/of strukture gestuur na hul e-pos adresse soos geregistreer in die lede-databasis van Graan SA. Dit is die uitsluitlike verantwoordelikheid van lede en alle strukture om enige wysiging van hul kontak-en adresbesonderhede, aan die Graan SA administrasie deur te gee. Enige termyn van kennisgewing wat vereis word, sluit die dag waarop die kennisgewing versend word in.

R2.2 **KONGRES**

R2.2.1 'n Kongres word belê met minstens 45 (vyf en veertig) dae skriftelike kennisgewing aan alle Raadslede, Studiegroepe, Streeks-besture en Takke. Die kennisgewing bevestig die plek, datum, en aanvangstyd waarop die Kongres sal plaasvind. Weens die aard van Graan SA strukture word Kongres en Buitengewone Kongres kennisgewings dus aan strukture op streeksvlak gestuur, en nie direk aan alle lede nie.

R2.2.2 'n Buitengewone Kongres word op dieselfde wyse as 'n Kongres belê: Met dien verstande dat in geval van 'n Buitengewone Kongres sodanige kongres met nie minder nie as 45 (vyf en veertig) dae skriftelike kennisgewing belê kan word.

R2.3 **VERSUIM**

Versuim om tydig kennis van enige vergadering van Graan SA aan enige bepaalde lid of struktuur te gee, maak geen verrigtinge wat op sodanige vergadering plaasvind, ongeldig nie.

R3 **LEDEGELDE EN HEFFINGS**

R3.1 **KENNISGEWING VAN LEDEGELDE EN BEDRYFSHEFFINGS**

Alle lede van Graan SA betaal ledegelde en die bedryfsheffings soos deur die Raad bepaal. Lede word skriftelik/elektronies van enige verandering in ledegelde of heffings in kennis gestel.

R4 **PROSEDURE VIR KONGRES**

R4.1 **BESPREKINGSPUNTE EN SAKELYS VIR KONGRES, EN AGENDAKOMITEE**

R4.1.1 Die sakelys vir die Kongres of 'n Buitengewone Kongres moet minstens 14 (veertien) dae voor die datum waarop die vergadering plaasvind, aan alle Raadslede en afgevaardigdes, in elektroniese formaat beskikbaar gestel word.

R4.1.2 Besprekingspunte of mosies vir die Kongres word deur afgevaardigdes, Studiegroepe, Takke, en Streekbesture aan die Agendakomitee gerig om die besprekingspunte en mosies te keur en 'n sakelys vir die Kongres saam te stel. Die Agendakomitee bestaan uit die Voorsitter, die 2 (twee) Visevoorsitters, die HUB en die Maatskappy Sekretaris.

R4.1.2.1 Goedgekeurde mosies en Kongresbesluite, word deur Kongres na die Raad verwys vir verdere hantering.

R4.2 **KWORUM EN KONSTITUERING VAN KONGRES**

R4.2.1 Met die aanvang van die Kongres moet die Kongres konstitueer met 'n bevestiging van die aantal opbetaalde afgevaardigdes teenwoordig, om te bepaal of 'n kworum teenwoordig is. Op die Kongres of enige Buitengewone Kongres word geen wettige besluite geneem, tensy 'n kworum van afgevaardigdes aanwesig is nie. 'n Meerderheid van die opbetaalde afgevaardigdes teenwoordig by Kongres, vorm 'n kworum, bereken op 50% plus 1 (een) opbetaalde afgevaardigde, van die goedgekeurde aantal afgevaardigdes na Kongres.

R4.2.2 As binne 'n uur na die vasgestelde aanvangstyd van die Kongres geen kworum aanwesig is nie, word die vergadering deur die Voorsitter verdaag tot dieselfde dag in die volgende week, op dieselfde tyd en plek. Indien daardie dag 'n openbare feesdag, Saterdag of Sondag is, tot die eersvolgende dag wat nie 'n openbare feesdag, Saterdag of Sondag is nie. Indien daar op sodanige verdaagde vergadering geen kworum binne 'n halfuur na die aanvangstyd van daardie vergadering aanwesig is nie, vorm die aanwesige afgevaardigdes 'n kworum.

R4.3 **VERDAGING VAN KONGRES TYDENS 'n KONGRES OF BUITENGEWONE KONGRES**

Die Voorsitter mag slegs, met 'n meerderheidstem van twee derdes van afgevaardigdes, ingesluit geweegde stemme, van 'n Kongres of Buitengewone Kongres waarop 'n kworum aanwesig is, die Kongres van tyd tot tyd en van plek tot plek verdaag. Geen ander sake mag op ‘n verdaagde Kongres behandel word nie as sake wat onafgehandel was toe die Kongres verdaag het nie.

R4.4 **STEMMING EN BESLUITNEMING TYDENS KONGRES**

R4.4.1 Alle besluite van die Kongres of Buitengewone Kongres wat aan die stemming onderwerp word, word beslis deur die opsteek van hande, tensy ‘n stemming ‘versoek word deur 'n opbetaalde afgevaardigde of die Voorsitter.

R4.4.2 Elke afgevaardigde wat stemgeregtig en in persoon of aanlyn teenwoordig is, kwalifiseer vir deelname aan stem prosesse, insluitend geweegde stemme soos toegeken per streek, ongeag of daar deur die opsteek van hande, of elektronies gestem word. Die Kongres- prosedure en ordereëlings soos deur die Raad goedgekeur, sal bepaal of voorsiening gemaak word vir Kongresafgevaardigdes om aanlyn deel te neem of slegs in persoon.

R4.4.3 'n Stemming kan deur enige opbetaalde afgevaardigde of die Voorsitter versoek word.

R4.4.3.1 Stemme word by wyse van elektroniese stemming hanteer, om geweegde stemme te bereken. Die uitslag van die stemming word geag die besluit van die Kongres of Buitengewone Kongres te wees waarop die stemming aangevra is. Alle Kongresbesluite moet genotuleer word.

R4.4.4 'n Stemming met betrekking tot enige aangeleentheid aangevra, word op so 'n tyd, tydens die Kongres gehou soos deur die Voorsitter bepaal. Die versoek vir 'n stemming, belet nie dat die Kongres voortgesit word vir die afhandeling van ander sake as die kwessie in verband waarmee die stemming versoek is nie.

R4.4.5 Stembeamptes moet vooraf deur die Voorsitter aangewys word om die uitslag van 'n stemming te bepaal, en hul bevinding, wat deur die Voorsitter bekend gemaak word, word geag die besluit te wees van sodanige Kongres of Buitengewone Kongres.

## R4.5 STAKING VAN STEMME EN BESLISSENDE STEM DEUR VOORSITTER TYDENS KONGRES EN RAADSVERGADERINGS: NOMINASIE EN VERKIESINGSPROSEDURE UITGESLUIT

R4.5.1 Wanneer 'n staking van stemme op 'n vergadering van die Kongres of 'n Buitengewone Kongres plaasvind, het die Voorsitter, behalwe sy gewone stem, ook 'n beslissende stem, uitsluitend van enige nominasie en verkiesingsprosedure, soos uiteengesit in Reg 7.

R4.5.2 Die Voorsitter van die Raad het tydens 'n Raadsvergadering, by 'n staking van stemme, ook 'n beslissende stem.

## R4.6 VERTEENWOORDIGING EN GEWEEGDE STEMME BY KONGRES

Geweegde stemme word per streek toegeken, onderworpe aan die voorwaardes vir sodanige protokol, wat van tyd tot tyd deur die Raad goedgekeur word. Die protokol word vervat as **Bylaag A** tot die Regulasie.

**R4.7 KWORUM VIR VERGADERINGS VAN DIE RAAD, UITVOERENDE KOMITEE EN KOMITEES OF WERKGROEPE VAN DIE RAAD**

R4.7.1 'n Meerderheid van die verkose lede van die Raad of enige Komitees of Werkgroepe van die Raad, vorm 'n kworum van sodanige vergaderings.

**R4.8 STEMMING EN BESLUITNEMING TYDENS RAADSVERGADERINGS: GEWEEGDE STEMME**

R4.8.1 Besluitneming deur die Raad vind plaas by wyse van konsensus. Indien konsensus nie moontlik is nie, moet die Voorsitter reël dat 'n besluit oor die aangeleentheid by wyse van stemming plaasvind, hetsy met stemme by wyse van hand, stembriewe of 'n elektroniese stemproses.

R4.8.2 Enige lid van die Raad of die Voorsitter by die vergadering teenwoordig, is by magte om te versoek dat besluitneming oor 'n spesifieke saak deur 'n stemproses plaasvind.

R4.8.3 'n Stemming met betrekking tot enige aangeleentheid, hetsy gereël deur die Voorsitter by gebreke aan konsensus oor die saak, of soos deur 'n lid van die Raad versoek, word op 'n tyd gehou soos deur die Voorsitter bepaal. Die versoek vir 'n stemming, belet nie dat die vergadering voortgesit word vir die afhandeling van ander sake, as die saak waaroor die stemming versoek word nie.

R4.8.4 Personeellede moet vooraf as stembeamptes deur die Voorsitter aangewys word om die uitslag van die stemme te bepaal en hul bevinding, wat deur die Voorsitter bekend gemaak word, word geag die besluit van die Raad te wees.

R4.8.5 Alle Raadslede wie persoonlik by die vergadering teenwoordig is, of aanlyn aangeteken is, kan aan die stemproses deelneem.

R4.8.6 Die stemproses deur die Raad vind plaas met geweegde stemme wat aan die onderskeie streke toegeken word, ooreenkomstig die 3 (drie) jaar skuiwende gemiddelde bedryfsheffings wat per streek betaal is, met 'n soortgelyke gewig soos van toepassing op die aantal afgevaardigdes van die onderskeie streke na Kongres. Die geweegde stemme vir die Raad bly van toepassing vir die termyn na afloop van die Kongres tot en met die daaropvolgende Kongres.

R4.8.7 Aangesien die Voorsitter, die twee Visevoorsitters en die Addisionele Raadslid vir ontwikkelende landbou nie 'n streek verteenwoordig nie, word die vermelde ampte se geweegde stem bepaal deur die berekening van die gemiddelde waarde van die geweegde stemme van alle streke. Die Voorsitter, Visevoorsitters en die Addisionele Raadslid vir ontwikkelende landbou, kwalifiseer vir die gemiddelde van geweegde stemme.

R4.8.8 Persone wie in die Raad gekoöpteer is vir algemene kundigheid in terme van Regulasie 7.8, of vir spesialiskundigheid in terme van Regulasie 9, kwalifiseer nie vir stemreg in die Raad nie, aangesien die persoon nie 'n streek verteenwoordig nie. Die persoon kwalifiseer wel vir stemreg in die Spesialiswerkgroep waarin gedien word, in terme van Regulasie 7.8.1.

## R5 ORGANISATORIESE FUNKSIONERING VAN TAKKE, STUDIEGROEPE EN STREEKSBESTURE

### R5.1 TAKKE EN STUDIEGROEPE

Takke en Studiegroepe se huishoudelike reëls maak voorsiening vir -

R5.1.1 die jaarlikse verkiesing van ‘n voorsitter, visevoorsitter en sekretaris;

R5.1.2 ten minste een vergadering van lede per jaar;

R5.1.3 die behoorlike notulering van verrigtinge op alle vergaderings.

R5. 2 Takke en Studiegroepe re-organiseer jaarliks. By stigting of na afloop van die betrokke re-organisasie stel die betrokke sekretaris die Lede-Beamptes van nuut verkose persone in kennis. Die Lede-Beampte stel die betrokke Raadslid en Streeksbestuur in kennis van nuut verkose persone.

R5.2.1 Besluitneming by Takke of Studiegroepe in Streke vind plaas per hand of stembriewe. Die stemme word bepaal deur een persoon een stem, en is geweegde stemme nie toepaslik nie.

### 5.3 STREEKBESTURE

R5.3.1 'n Streekbestuur kies jaarliks op die eerste vergadering na sy samestelling, 'n bestuur uit eie geledere, bestaande uit 'n voorsitter, visevoorsitter, sekretaris en 3 (drie) addisionele lede.

R5.3.2 'n Streekbestuur is bevoeg om tegniese adviseurs by sy verrigtinge te betrek, vir voorligting of advies welke persone aan sodanige verrigtinge mag deelneem maar nie stemgeregtig is nie. Die Streeksbestuur betaal uit eie fondse vir die reis-en verblyf van so 'n gas by hul vergadering.

R5.3.3 Streekbesture vergader minstens 1 (een) keer per jaar.

R5.3.4 'n Lid stel hom slegs vir een Streekbestuur beskikbaar, naamlik óf in die gebied waarin hy woonagtig is óf die gebied waarin hy graan vir bemarking produseer.

## R6 PUBLIKASIES

### MAANDBLAD

R6.1 Die amptelike tydskrif van Graan SA staan bekend as SA Graan/Grain

### OUTEURSREG

R6.2 Alle literêre en artistieke materiaal wat aan Graan SA voorgelê word, word geag voorgelê te wees met die oog op publikasie daarvan deur Graan SA. By ontvangs van sodanige materiaal en voor publikasie daarvan dra die indiener daarvan sy outeursreg in sodanige materiaal oor aan Graan SA en gee sodanige waarborge as wat Graan SA mag bepaal dat die publikasie van die betrokke materiaal nie inbreuk maak op enige regte van derde partye nie.

R6.3 Geen persoon publiseer sonder die toestemming van die Redaksiewerkgroep enige materiaal waarna in Regulasie R6.2 verwys word nie. Indien toestemming gegee word ingevolge hierdie Regulasie, dra die persoon aan wie sodanige toestemming gegee word sorg dat die nodige erkennings van feite gepubliseer word.

R6.4 Outeursreg in die materiaal waarna in Regulasie R6.2 verwys word, word geag in Graan SA te setel sodra die skriftelike oordrag deur die indiener van die materiaal aan Graan SA gegee word.

**R7 PROSEDURE VIR DIE NOMINASIE EN VERKIESING VAN VOORSITTER, (TWEE) VISEVOORSITTERS EN ADDISIONELE LID TOT DIE RAAD IN TERME VAN ARTIKEL 25 , ASOOK DIE NOMINASIE EN VERKIESING VAN DIE RAADSLEDE TYDENS KONGRES:**

R7.1 Die Voorsitter en twee Visevoorsitters van die Kongres word verkies deur al die stemgeregtigde afgevaardigdes teenwoordig op die Kongres by wyse van 'n geslote stemming.

R7.2 Die name van al die persone wat deur minstens 2 (twee) afgevaardigdes genomineer moet word, word op 'n kandidaatlys geplaas.

R7.3 Geen nominasie vir die amp van Voorsitter, Visevoorsitter of Hoofbestuurslid sal geldig wees, tensy die genomineerde die nominasiebrief onderteken ten einde sy aanvaarding van die nominasie te bevestig nie.

R7.4 Alle kandidate wat wettig genomineer is, sal aan die Kongres aangekondig word, waarna die eerste rondte van verkiesings sal voortgaan.

R7.4.1 Indien twee of meer kandidate wettig genomineer word vir enige amp, in daardie geval, sal elke afgevaardigde slegs een stem, of een geweegde stem, wat ook al van toepassing mag wees, vir die kandidaat van hul keuse tydens alle verkiesingsprosesse kan indien.

R7.4.2 Indien slegs een kandidaat wettig genomineer word, sal dit aan die Kongres bekend gemaak word dat die persoon eenparig deur die Kongres verkies is.

R7.4.3 Indien geen persoon na die eerste stem proses 'n volstrekte meerderheid stemme kry nie, word 'n maksimum van 5 (vyf) persone met die hoogste aantal stemme op die kandidaatlys geplaas vir 'n verdere stemming, met dien verstande dat -

R7.4.3.1 indien die verskil in die aantal stemme tussen die persoon wat die tweede meeste stemme gekry het en die persoon wat die derde meeste stemme gekry het, groter is as die totale aantal stemme uitgebring op die derde persoon en al die verdere kandidate laer af, daar net twee kandidate op die kandidaatlys geplaas word, of slegs drie indien 'n soortgelyke toets slaag ten opsigte van die verskil tussen die derde en vierde persoon, of slegs vier indien 'n soortgelyke toets slaag ten opsigte van die verskil tussen die vierde en vyfde persoon;

R7.4.3.2 indien by die verkiesing van die gemelde vyf kandidate vir die tweede stemming twee of meer persone 'n gelyke aantal stemme kry, sodat daar meer as vyf persone op die kandidaatlys sou wees, daar met die lot beslis word watter van die persone met gelykoptellings op die kandidaatlys geplaas word om die vyftal vol te maak vir die volgende stemming, onderhewig aan die toets in Regulasie R7.4.3.1 hierbo;

R7.4.3.3 indien by die tweede stemming geen kandidaat 'n volstrekte meerderheid stemme kry om verkose verklaar te word nie, word die een met die minste stemme (gelykoptellings word met die lot beslis) weggelaat, of word meer weggelaat, indien die toets in Regulasie R7.4.3.1 hierbo slaag wanneer toegepas op die verskil tussen die tweede en derde persone of tussen die derde en vierde persone, en 'n verdere stemming word gehou;

R7.4.3.4 daar herhaaldelik soos hierbo gestem word totdat 'n kandidaat 'n volstrekte meerderheid stemme behaal, wanneer hy as verkose verklaar word; maar indien daar in die geval van die laaste twee kandidate 'n staking van stemme is, beslis die lot by wyse van die opskiet van ŉ munt.

R7.4.3.5 Volstrekte meerderheid is toepaslik by alle nominasies en verkiesingsprosesse vir:

R7.4.3.5.1 Die Voorsitter en Vise-Voorsitters, sowel as vir die addisionele lid van die Raad.

R7.4.3.5.2 Die Raad

R7.4.3.5.3 Die Uitvoerende Komitee

R7.4.3.5.4 Die Voorsitters van Komitees en Werkgroepe van die Raad.

R7.4.3.6 Die prosedure soos uiteengesit in R7.4.3 sal dienooreenkomstig toepaslik wees op die nominasie en verkiesings van Raadslede in die onderskeie streke, asook vir die verkiesing van die addisionele lid tot die Raad.

## R7.5 AFWESIGHEID VAN VOORSITTER BY RAADSVERGADERINGS

In die afwesigheid van die Voorsitter tree die Visevoorsitter soos deur die Raad vir die doel aangewys, op as Voorsitter. Indien albei afwesig is, sal die tweede Visevoorsitter as Voorsitter van die vergadering optree. Indien al 3 (drie) persone afwesig is, kies die Raad 'n Voorsitter uit sy geledere vir die betrokke vergadering.

R7.6 **DRINGENDE SAKE VIR HANTERING DEUR VOORSITTER**

In alle sake van dringende aard tree die Voorsitter, en in sy afwesigheid die Visevoorsitter soos deur die Raad vir die doel aangewys, op ooreenkomstig die delegasie van bevoegdhede soos van tyd tot tyd deur die Raad goedgekeur.

R7.7 **GASTE BY VERGADERINGS VAN DIE RAAD, KOMITEES VAN DIE RAAD OF WERKGROEPE VAN DIE RAAD**

Die Voorsitter mag in sy diskresie enige persoon of persone uitnooi om enige Raadsvergadering van Graan SA by te woon en/of deel te neem aan die besprekings . Sulke persone is egter nie stemgeregtig nie.

R7.8 **KOÖPTERING IN RAAD OF KOMITEES EN/OF WERKGROEPE VAN DIE RAAD**

Die Voorsitter van die Raad en die Voorsitters van die onderskeie Komitees of Werkgroepe van die Raad, het die reg om kundige persone met die goedkeuring van die Raad te koöpteer, met die voorbehoud dat:

R7.8.1 Persone vir spesialiskundigheid in die Raad gekoöpteer in terme van Regulasie 9 (Spesialisbediening), slegs vir stemreg in die Werkgroep van die Raad waarin die persoon dien, kwalifiseer..

R7.8.2 Persone wie vir kundigheid (anders as Regulasie 9) in die Raad gekoöpteer word, kwalifiseer nie vir stemreg in die Raad of in die Werkgroep waarin die persoon dien nie.

R8 **KOMITEES/WERKGROEPE**

R8.1 Komitees of Werkgroepe van die Raad doen van tyd tot tyd op die wyse bepaal deur die Raad verslag van werksaamhede.

R8.2 Die voorsitters van Werkgroepe word uit eie geledere van die betrokke Werkgroepe verkies.

R8.3 Die Voorsitters van Komitees van die Raad, word deur die Raad benoem, naamlik vir die Oudit-en Risikokomitee, die Nominasiekomitee, en die Vergoedingskomitee. Dit word hanteer tydens die eerste Raadsvergadering, na afloop van die Kongres, of soos van tyd tot tyd nodig mag wees. Die Voorsitter van die Raad is ook die Voorsitter van die Uitvoerende Komitee.

R8.4 Afskrifte van alle notules van die Uitvoerende Komitee, word aan die lede van die Raad beskikbaar gestel deur die inbind daarvan in die Agendabundel van die Raad.

## R9 SPESIALISBEDIENING

R9.1 Tydens Kongres sal afgevaardigdes in kommoditeitswegbreeksessies vergader om onder andere uit eie geledere 'n ranglys van vyf persone saam te stel by wyse van stemming, waar die afgevaardigde met die hoogste getal stemme se naam eerste op die ranglys sal verskyn.

R9.2 Die Raad sal by sy eerste vergadering na Kongres bepaal of daar in eie geledere voldoende kundigheid en verteenwoordiging rakende spesifieke graankommoditeite bestaan. Indien dit nie die geval is nie, koöpteer die Raad volgens die ranglys, persone as spesialiskundige vir die bepaalde kommoditeit. Een persoon vir elk van die volgende kommoditeite kan in die Raad gekoöpteer word, naamlik vir sonneblom, sojabone, grondbone, sorghum en wintergraan.

R9.3 Werkgroepe vir al die graan- en oliesade kommoditeite wie deur Graan SA verteenwoordig word, moet in stand gehou word, om na die bedryfsbelange van die betrokke Produsente om te sien.

R9.4 Spesialiswerkgroepe moet ten minste 2 (twee) keer per jaar vergader.

## R10 FINANSIES EN REKORDHOUDING

### R10.1 REKENINGKUNDIGE REKORDS

Die rekeningkundige stelsel vir alle transaksies van Graan SA -

R10.1.1 moet veilig bewaar word en volledig en op datum gehou word, en moet jaarliks aan die ouditeur beskikbaar gestel word om 'n volledige oudit daarvan te doen; en

R10.1.2 moet te alle redelike tye beskikbaar wees vir inspeksie deur die Uitvoerende Komitee of deur ander persone wat na die mening van die Raad 'n belang daarin het.

### R10.2 AANSTELLING VAN OUDITEUR

R10.2.1 Die Kongres besluit jaarliks oor die aanstelling van 'n ouditeur.

R10.2.2 By gebreke aan die aanstelling van 'n amptelike ouditeur deur Kongres of indien die aangestelde ouditeur om welke rede ookal nie die aanstelling aanvaar nie, maak die Raad die nodige aanstelling van 'n alternatiewe eksterne ouditeur wat van krag is tot en met die eerste daaropvolgende Kongres waar die Kongres dan die aanstelling van die Raad bekragtig of 'n nuwe ouditeur aanstel.

R10.2.3 Die Raad keur jaarliks die vergoeding van ouditeure goed.

R10.2.4 Enige voorstel vir die vervanging van Graan SA se bestaande ouditeur moet deur die Oudit en Risikokomitee aan die Raad en Kongres aanbeveel word.

### R10.3 BEGROTING

R10.3.1 Die Raad keur jaarliks die begroting vir Graan SA goed, waarin die beoogde inkomste- en uitgawes vir die betrokke finansiële jaar aangetoon word.

R10.3.2 Die Raad keur ook jaarliks die bedryfsheffingsbegroting goed, en bepaal die heffingsbedrag betaalbaar per ton, vir die onderskeie gewasse.

## R11 **ONTRUIMING VAN AMPTE IN DIE RAAD EN IN EKSTERNE ENTITEITE**

R11.1 Indien 'n Raadslid vir enige rede uittree of bedank, sal die Raadslid ook bedank uit enige amp wat hy namens Graan SA beklee, behalwe in daardie gevalle waar die Raad die persoon versoek om 'n termyn by 'n eksterne entiteit te voltooi.

R11.2 Indien 'n Raadslid egter in terme van artikel 19 uit die Raad moet tree, moet die persoon ook onmiddellik uit alle ampte waar hy Graan SA verteenwoordig het, bedank.

**BYLAAG "A" TOT REGULASIES**

# PROTOKOL VIR GEWEEGDE STEMME TYDENS DIE KONGRES / BUITENGEWONE KONGRES

## 1. INLEIDING: RIGLYNE UIT DIE GRONDWET

Die volgende riglyne is van toepassing:

1.1 Reg 4.2.1 — Om wettige besluite te neem, moet 'n kworum van opbetaalde afgevaardigdes by die Kongres teenwoordig wees.

1.2 Definisie: *Kworum by Kongres:*

*'n Meerderheid van opbetaalde afgevaardigdes teenwoordig by Kongres, vorm 'n kworum, bereken op 50% plus 1(een) opbetaalde afgevaardigde, van die goedgekeurde aantal afgevaardigdes na die Kongres.*

1.3 Art 5.3.3 en Art 5.1.1.1 — Slegs opbetaalde kommersiële lede (wie ten minste 100 ton vir bemarking produseer) kwalifiseer as stemgeregtigde afgevaardigdes na die Kongres.

1.4 Art 23.4 — Slegs opbetaalde kommersiële lede kan as afgevaardigdes na die Kongres benoem word. Indien nie 'n opbetaalde kommersiële lid nie, word Kongres as waarnemer sonder stemreg bygewoon.

## 2. KWORUM BY DIE KONGRES *(AANTAL AFGEVAARDIGDES TEENWOORDIG)*

2.1 Met die aanvang van Kongres, moet die Kongres gekonstitueer word en die aantal opbetaalde geregistreerde afgevaardigdes bevestig word, om te bepaal of 'n kworum aanwesig is (Reg 4.2.1)

2.2 Die samestelling van Kongres is volgens die getal afgevaardigdes soos van tyd tot tyd deur Kongres bepaal. (Art. 23)

Nota: Die 2023 Kongres het besluit dat die Kongres saamgestel word met 376 afgevaardigdes, met 'n kworum bereken op 189 opbetaalde afgevaardigdes teenwoordig.

2.3 Dit is nie 'n vereiste dat daar 'n kworum per streek by die Kongres teenwoordig moet wees nie.

## 3. VOORWAARDES OM VIR GEWEEGDE STEMME TE KWALIFISEER

3.1 ʼn Streek sal slegs vir geweegde stemme kwalifiseer indien:

- Minstens 65% van die afgevaardigdes wat aan die streek toegedeel is, vir die Kongres benoem is en by Kongres geregistreer word, **en**
- Indien hierdie genomineerde afgevaardigdes se ledegeld / heffings teen die einde van September wat die Kongres voorafgaan, opbetaal is.

***Nota:*** *Indien daar nie aan enige van hierdie vereistes voldoen word nie, kwalifiseer streke nie vir geweegde stemme nie, maar slegs vir een stem per opbetaalde afgevaardigde wat by die Kongres teenwoordig is.*

***3.2 Voorbeeld: Berekening van geweegde stemme:***

| ***Streek X kwalifiseer vir 10 afgevaardigdes, op grond van heffings betaal*** | |
|---|---|
| *10/10 opbetaalde afgevaardigdes wat vir die Kongres benoem is en registreer.* | *Een stem per afgevaardigde.* |
| *9/10 opbetaalde afgevaardigdes wat vir die Kongres benoem is en registreer.* | *1.11* |
| *8/10 opbetaalde afgevaardigdes wat vir die Kongres benoem is en registreer.* | *1.25* |
| *7/10 opbetaalde afgevaardigdes wat vir die Kongres benoem is en registreer.* | *1.43* |
| *Ten minste 65% van die opbetaalde afgevaardigdes wat vir die Kongres benoem is en registreer.* | *1.54* |
| *Minder as 65% van die opbetaalde afgevaardigdes wat vir die Kongres benoem is en registreer.* | *Een stem per afgevaardigde wat by die Kongres teenwoordig is.* |

## 4. VEREISTES OM VIR GEWEEGDE STEMME TE KWALIFISEER: AFGEVAARDIGDES TEENWOORDIG BY KONGRES

4.1 In gevalle waar minder as 65% van die toegedeelde afgevaardigdes vir ʼn streek by die Kongres registreer, sal die betrokke streek geweegde stemme verbeur, en slegs kwalifiseer vir een stem per afgevaardigde teenwoordig.

4.2 In gevalle waar 65% of meer, maar minder as 100% van die toegedeelde afgevaardigdes vir die streek by die Kongres registreer, sal opbetaalde afgevaardigdes teenwoordig, vir geweegde stemme kwalifiseer.

4.3 Indien ʼn afgevaardigde uit ʼn streek nie vir die Kongres registreer nie en daar ook geen plaasvervanger vir die benoemde afgevaardigde is nie, sal die streek in so ʼn geval vir een minder stem of geweegde stem kwalifiseer, wat ook al van toepassing mag wees.

**5. AFSNYTYD VIR REGISTRASIE OM ’n KWORUM TE BEPAAL**

5.1 Die afsnytyd vir die registrasie van afgevaardigdes om ’n kworum te bepaal, is 09:00 op dag een van die Kongres.

**6. VERVANGING VAN AFGEVAARDIGDES EN REGISTRASIE BY DIE KONGRES**

6.1 Indien ’n benoemde opbetaalde afgevaardigde nie die Kongres kan bywoon nie, kan die streek se Raadslid ’n opbetaalde lid uit die streek nomineer om die Kongres as plaasvervanger by te woon. Die plaasvervanger sal vir geweegde stemme soos aan die streek toegeken kwalifiseer, indien bevestig word dat die plaasvervanger se ledegelde opbetaal is.

**7. BEVESTIGING VAN KWORUM PER STEMPROSES**

7.1 Met alle stemprosesse sal bepaal word of ’n kworum teenwoordig is deur die verifikasie van die aantal stemme of geweegde stemme wat ingedien is, teen die afsnytyd van die betrokke stemming. Elke afgevaardigde kan slegs 1(een) stem of geweegde stem indien, wat ook van toepassing is vir die betrokke streek.

**8. DEURSIGTIGHEID**

8.1 Om deursigtigheid te verseker, moet die getal opbetaalde afgevaardigdes teenwoordig, tydens die konstituering van Kongres bevestig word.

8.2 Geweegde stemme wat aan streke toegeken is per stemming, sal op aanvraag beskikbaar wees.

**9. GEEN BEPERKINGS OP GEWEEGDE STEMME NIE**

9.1 Geweegde stemme wat aan afgevaardigdes toegeken word, kan vir alle formele besluite en stemprosesse tydens die Kongres gebruik word, insluitend vir die verkiesing van die Voorsitter en Visevoorsitters, asook die addisionele Raadslid (verteenwoordigend van Ontwikkelende Produsente).

**10. GEWEEGDE STEMME TOEGEKEN AAN DIE VOORSITTER, TWEE VISEVOORSITTERS EN ADDISIONELE RAADSLID**

10.1 Die Voorsitter, 2 (twee) Visevoorsitters en addisionele Raadslid verteenwoordigend van Ontwikkelende Produsente, sal kwalifiseer vir geweegde stemme wat toegeken is aan die streek wat hulle as afgevaardigdes na die Kongres benoem het.

## 11. NOMINASIEBRIEWE EN ELEKTRONIESE STEMMING

11.1 Reg 4.4.2 bepaal dat stemming kan plaasvind deur die opsteek van hande, of met elektroniese stemming.

11.2 Nominasiebriewe sal tydens die registrasieproses voor Kongres aan afgevaardigdes uitgereik word. Afgevaardigdes moet vir ontvangs van nominasiebriewe teken, op die register vir bywoning.

11.3 Elektroniese stemming sal plaasvind met stemapparaat wat uitgereik word of via selfoon, wat ook al toepaslik mag wees. Indien stemaksies via selfone gedoen word, sal ŉ unieke gebruikersnaam en wagwoord aan elke afgevaardigde uitgereik word, voor die aanvang van Kongres.

11.4 Geweegde stemming by Kongres sal ondersteun word met sagteware vir stemaksies wat voor die konstituering van die Kongres opgestel sal word, ten einde die geweegde stemme per streek te verifieer wanneer stemaksies begin.

11.5 Nominasiebriewe sal vir nominasiedoeleindes gebruik word om die Verkiesingskomitee in staat te stel om geldigheid van nominasies te verifieer.

## 12. VOLSTREKTE MEERDERHEID DEUR GEWEEGDE STEMME

12.1 Definisie soos in grondwet vervat:

*“'n Volstrekte meerderheid deur geweegde stemme, word bereken op 50% plus ten minste een (1.0), in terme van geweegde stemme ingedien.”*

12.2 ŉ Volstrekte meerderheid is toepaslik vir alle nominasies en stemprosesse vir:

- Die Voorsitter, Visevoorsitters, asook vir die addisionele Raadslid (verteenwoordigend van ontwikkelende landbou), asook
- Die verkiesing van die Raadslede deur hul onderskeie streke.
- Die proses soos in Regulasie 7 sal toepaslik wees.

12.3 Indien twee of meer kandidate wettig genomineer word, sal elke afgevaardigde net een stem of een geweegde stem kan indien, per stemrondte.

12.4 Die proses soos in Regulasie 7 uiteengesit, sal toepaslik wees om stemme en geweegde stemme ingedien, te bereken.